VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

23 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #6B

Geliefde Gemeente,

Hemelse Vader:
Here God Almagtig.
Beskik vir ons die genade om Jesus te sien,
soos wat Johannes die geliefde apostel Jesus gesien het.
Dat dit ons oogmerk sal wees,
dat ons hart en ons handelinge sal spreek,
van dankbaarheid, liefde en oorgawe,
om Jesus ontwil.
Dat die Heilige Gees, in elke hart die toerusting
sal skenk, die oortuiging sal bewerk,
sodat elkeen betrokke by EKD in U teenwoordigheid,
sal werk, leef en eet.
In die Naam van Jesus neem ek elke gedagte,
gevange tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus.
U bewerk en lei ons, in U spore van geregtigheid.
Dat, elke woord, elke gedagte, elke daad,
sal wees tot eer en verheerliking van die Naam bo alle name
– Jesus Christus.
My gebed is dat U gestalte sal kry in elkeen se lewe.
U, wie die Eersgeborene is van die dode,
wie die sleutels van die dood en die doderyk het.
U gee voor elkeen 'n geopende deur,
nie ter bevrediging van eie behoeftes,
maar dat ons gees opgewek is, om U te dien en U te aanbid,
in Gees en in waarheid.
Hierdie herdersbriewe wat uitgaan,
is soos 'n stem wat roep in die woestyn.
Dat, hierdie briewe nie net gelees sal word nie, maar *"geëet"* sal word,
soos wat Johannes die boekrol geëet het.
Beskik vir elkeen, die troos, wanneer die brief soet is in die mond,
maar bitter in die maag, dat die werking van U Gees
dit moontlik sal maak om U te vrees, U lief te hê en U te dien.

Om Jesus ontwil.
Amen.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

***Open. 1:10 " Ek was in die Gees op die dag van die Here."***

Hier is twee aspekte, waaraan ons aandag moet gee: ***"op die dag van die Here"*** en ***"in die Gees te wees."***

Wat beteken ***"die dag van die Here"***?

Kom ons let op verskillende gebeure in die Bybel, en in die kerkgeskiedenis. Die dag van die Here, is 'n **KAIROS-oomblik.**

Toe die Ark in aanbou was, wou die mensdom nie erken, dat dit 'n ingryping van God was nie. Toe God persoonlik die deur van die Ark gesluit het, en dit begin reën het, het 'n groot aantal van die mensdom verdrink en met hulle lewe geboet. Dit was 'n **kairos-oomblik**. Die uittog uit Egipte; toe Israel in ballingskap gegaan het; toe daar 400 jaar van ***"stilte"*** tussen Maleagi en Mattheus geheers het; Jesus se kruisdood en opstanding, getuig van 'n **kairos-oomblik**.

Die dag van die Here is 'n spesifieke gebeure, ook wanneer die ***wegraping*** sal plaasvind.

Ons lees in ***Lukas. 19:42 en 44*** die volgende: ***vers 42 "As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien!" vers 44 "omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."***

Jesus se verskyning aan Johannes en die gepaardgaande briewe wat aan sewe gemeentes in Asië gerig was, was 'n aansluiting en ingryping van God. **"'N DAG VAN DIE HERE."**

Ek ervaar hierdie Corona-virus, as 'n ingryping wat vir u en ek moet dien, as 'n tyd van voorbereiding.

My vertroue is dat hierdie briewe rigtinggewend is, wat ons sal voorberei, om in oorwinning – gedurende hierdie tydperk – vir elkeen van ons moontlik sal maak, om sterk te staan in ons geloof.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335